# KLOFIEBEURSIE

**HOËRSKOOL WATERKLOOF FUNKSIONEER KONTANTLOOS.**
SLEGS DEBIET- EN KREDIETKAARTE ASOOK DIE AANLYN BEURSIE WORD AANVAAR. **GEEN KONTANT!**

## STAPPE OM JOU AANLYN BEURSIE AF TE LAAI:

### STAP 1

## REGISTRASIEPROSES

### HOE REGISTREER EK?

- Gaan na **www.klofiebeursie.co.za**
- Voltooi jou naam, van en selfoonnommer.
- Klik op die ***scroll down*** opsie en kies jou status.
- Kies jou eie 5-syfer ***PIN*** (bv. 56789).
- Lees die terme en aanvaar in die blokkie.

### AKTIVEER JOU BEURSIE MET DIE *OTP*:

- Voer die ***OTP*** in wat jy per SMS ontvang het en klik op ***Activate***.
- Of klik op die skakel in die SMS om te aktiveer.

### STOOR OP TUISSKERM:

- Stoor **www.klofiebeursie.co.za** op jou ***homescreen*** sodat jy weer maklik daartoe toegang kan verkry.

### DATEER JOU BESONDERHEDE OP:

- Gaan na ***My Profile*** en dateer jou besonderhede op.
- Hierdie stap is vrywillig.

### WIE MOET REGISTREER?

Alle leerders, onderwysers en ouers.

### STAP 2

## GELD OP MY KLOFIEBEURSIE

### HOE LAAI EK GELD OP MY KLOFIEBEURSIE?

Gaan na ***Top-up Wallet*** onder ***Wallets*** en kies een van die opsies:

- **EFT (ELEKTRONIESE BANKOORPLASING)**
  Gebruik die bankbesonderhede en die **ISB-verwysingsnommer** soos verskaf in die *app* om oorplasing te doen. Maak asseblief BAIE seker dat u die verwysingsnommer korrek en volledig intik. Hierdie opsie is gratis en oorplasings vanaf ABSA sal binne 25 minute wys. Oorplasings vanaf ander banke werk net soos enige ander bankoorplasings en kan tot 48 uur neem om te wys. **Maak dus asseblief seker dat u betyds geld oorplaas.**

- **MOBIPAID-OPSIE**
  Die veilige Mobipaid-opsie stel fondse onmiddellik in die Klofiebeursie teen ‘n klein tarief van 3% plus R2 beskikbaar. ‘n Betalingsversoekskakel kan ook hier per SMS van die leerder na ‘n ouer of ander persoon gestuur word om fondse in die beursie te laai.

- **OZOW INSTANT TOP-UP**
  Die veilige Ozow-opsie stel fondse onmiddellik in die Klofiebeursie teen ‘n klein tarief van 3% beskikbaar. ‘n Betalingsversoekskakel kan ook hier per SMS van die leerder na ‘n ouer of ander persoon gestuur word om fondse in die beursie te laai.

# KLOFIEBEURSIE

## STAP 3

## KOOP!

### WAT KAN EK MET MY KLOFIE-BEURSIE KOOP?

- Klofie-snoepie
- Aanlyn kaartjies
- XCO Sportklerewinkel
- Oom Frank koffie
- Finansieskantoor (bv. jaarblad en sluitkassies)
- Klofie-klere Hub (bv. boektasse en pet)
- Chase Sportswear
- Lugtyd
- Toergelde (2024)

## ALGEMENE VRAE:

**1. HOE STUUR EK GELD VAN EEN BEURSIE NA ‘N ANDER BEURSIE?**

- Gaan na ***Wallets.***
- Kies die opsie: ***Send to other user Wallet.***
- Tik die **REGTE** verwysing in.
- Tik die bedrag in en stuur.

**2. HOE SIEN EK MY TRANSAKSIES?**

- Klik op ***Transaction History*** onder ***Wallets***.
- Jy sal hier jou laaste 100 transaksies kan sien.

**3. HOE STUUR EK ‘N KAARTJIE NA ‘N ANDER BEURSIE?**

- Gaan na ***Tickets.***
- Klik op ***send Ticket***.
- **NB:** tik die regte selfoonnommer in.
- **Beide persone moet ‘n Klofiebeursie hê.**

**HULP OF ENIGE VRAE?**
Kontak gerus die *WhatsApp*-hulplyn vir enige hulp of vrae, soos op die *app* aangedui.